Steggies kan wissel in dikte van 3 mm tot 7 cm of meer indien geskikte materiaal beskikbaar is. Dikker steggies behoort tot twee derdes van hul lengte in die grondmengsel gedruk word. Skerp snitte moet aangebring word. Werk met 'n skoon mes of snoeiskêr.

'n Paar blare kan bo aan steggies gelos word of alle blare en sytakkies kan verwyder word met dikker steggies. Dit kan hierna in hormoonpoeier gedruk word om wortelgroei aan te moedig. Alhoewel die meeste vyespesies oor voldoende wit melkerige sap beskik om dit te seël, is dit verkieslik om die bo-punte te seël om uitdroging te voorkom.

'n Plastiek strook kan hierna bo-oor die bak met steggies geplaas word maar goeie resultate word ook verkry sonder die plastiek bedekking. Die steggies kan binne twee tot vier weke begin bot en kan binne een tot twee maande uitgeplant word afhangende van die wortels. Die steggies kan getoets word deur liggies daaraan te trek - indien voldoende wortels ontwikkel het sal dit weerstand bied. Dit is dan reg om uitgeplant te word. Dit is egter verkieslik om dit eers in die daaropvolgende groeiseisoen oor te plant, veral indien die grondmengsel voldoende kompos bevat.

Sommige vyesoorte is geneig om lugwortels te vorm. Hierdie lugwortels kan afgesny word en in bogenoemde grondmengsels geplaas word, vanwaar dit maklik verder sal groei. Die nadeel van hierdie metode is dat lugwortels meestal geleidelik dunner na onder word. As steggie sal dit dan 'n stam vorm wat dun onder is en dikker word na boontoe. Dit is ongewens. Met 'n redelike lang tydverloop kan dit egter moontlik reggestel word.

III PLANTMATERIAAL EN ROTSE

GESKIKTE VYESOORTE VIR BONSAI

KOOS LE ROUX

Vier en twintig Wildevye spesies kom in Suid-Afrika voor. Ongelukkig is nie al hierdie spesies geskik vir bonsai nie as gevolg van 'n verskeidenheid van redes.

Die volgende kan as leidrade dien ten opsigte van die seleksie van geskikte Wildevye vir bonsai doeleindes.

1. Blaargrootte

Spesies met klein blare of blare wat effektief verklein kan word, is ideaal. Byvoorbeeld F.natalensis-kompleks en F.burt-davyi. Daar is verder 'n aantal spesies met groter blare wat egter effektief verklein kan word soos F.sur, F. salicifolia, F.sansibarica, F.sycomorus, F.ingens en F.cordata. Vanselfsprekend is die grootblaar vye soos F.lutea en F.trichopoda totaal ongeskik.

2. Groeitempo

Vye met wortels wat saamsmelt en gou verdik, met stamme en takke wat geil groei met nuwe onderwêreldse verwrongendheid en grypende lugwortels is natuurlik die spesies waarna gesoek word byvoorbeeld die F.natalensis-kompleks.

3. Stam en takvorming ("training")

Vir maklike vorming op buigbare takke is F. natalensis-kompleks en so ook meeste ander vye baie geskik behalwe F.salicifolia wat baie bros takke het.

4. Rypgevoeligheid

Alle vye is rypgevoelig en inderdaad ongelukkig in koue klimaatstoestande. Ryp snoei vye wat op die Hoëveld voorkom byvoorbeeld F.ingens, elke jaar terug sodat dit slegs klein struike bly.